

## W.13 WATERSAAGBLAAR/SAW-WEED

(*Najas pectinata* (Parl.) Magnus)

Familie: Najadaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)


Watersaagblaar is 'n gewortelde onderwaterplant wat dikwels bruingroen bosse vorm. Die plant se herhaaldelik gevurkte, bros stingels is ongeveer 1 m lank. Die smal, lintvormige blare is grof getand aan die rande en is dikwels gebuig. Die blare is óf in kranse van drie óf in pare teenoor mekaar gerangskik of saamgedring. Baie klein blommetjies word in die oksels van die blare gedra. Die vrug is 'n klein eensadige neutjie. Watersaagblaar plant deur middel van saad of 'n regenerasie van plantdele voort.

### Verwante spesies

Twee ander *Najas*-spesies word in die gebied aangetref. Hulle kan deur die aanwesigheid van of doringrige stingels of baie klein (nie grof nie) tandjies op die blaarrande van watersaagblaar onderskei word.

### Verspreiding

Watersaagblaar kom in baie dele van Afrika en op Madagaskar voor. In Suider-Afrika word dit in Suidwes-Afrika/Namibië, Botswana, Transvaal, Natal en Transkei aangetref.



### Ekologie

Watersaagblaar floreer in damme, poele, stadig vloeiende strome en in kanale. Die plant kan effense souttoestande verdra en is verbasend bestand teen uitdroging.

### Belangrikheid

Digte stande van watersaagblaar kan stroomvloei, veral in besproeiingskanale, verhinder, asook watersport en hengel belemmer. Die plant is



'n gewilde voedselbron van watervoëls en plantetende vis.

#### Wetgewing

Daar is geen wetgewing vir die beheer van watersaagblaar nie.

#### Opmerkings

Die wetenskaplike naam is van *naiad* = 'n waternimf en *pectinatus* = verdeel soos die tande van 'n kam, afgelei.

Spesienommer: 0064.000-00300

#### Literatuurverwysings

- GIBBS RUSSEL, G.E. & MITCHELL, D.S. 1973. Common aquatic plants on Rhodesian pans and lakes. *Rhodesia agric. J.* 73(1): 13-17.
- MUSIL, C.F., 1973. *Water plants of Natal - a guide to the important species.* The Wildlife Protection and Conservation Society of South Africa.
- OBERMEYER, A.A., 1966. Najadaceae in Codd, L.E., De Winter, B. & Rycroft, H.B. *Flora of Southern Africa*, volume 1.
- SCULTHORPE, C.D., 1967. *The biology of aquatic vascular plants.* London: Edward Arnold.
- WILD, H., 1961. Harmful aquatic plants in Africa and Madagascar. *Kirkia* 2: 1-66.